

24 Desember

Skrifgedeelte: Jesaja 54 (OAV)

Fokusgedeelte: Jesaja 54:4-8

Vir 'n klein oomblik verlaat

“Vir 'n klein oomblik het Ek jou verlaat, maar met groot ontferminge sal Ek jou vergader”.

Lieflik, vertroostend word vir die volk in ballingskap die komende verlossing geprofeteer. Ook die bruid van Christus, die kerk van die Here, word hier toegespreek. Jerusalem, jou stryd is verby, jou skuld is betaal. Om vir 'n oomblik “verlaat te” wees, is baie erg!. Dit weet almal wat moeilikheid, swarkry of siekte moet verwerk. Dit is veral rondom Kersfees dat hartseer en moedeloosheid bedroefdes wil oorweldig. Onthou dan die Here se belofte wat vervul is deur die Kindjie wat toegedraai in doeke in 'n krip lê. “Vir 'n klein oomblik het Ek jou verlaat, maar met groot ontferminge sal Ek jou vergader. Ek het vir 'n oomblik my aangesig vir jou verberg, maar met ewige goedheid ontferm Ek My oor jou, sê die Here, jou Verlosser”. Hoe weet ons dit? Kyk Emmanuel is gebore. En sy naam beteken “God met ons”.

Sing: Psalm 30:3

Ds FJ du T Lessing (Emeritus)